

Sing vooraf staande: Psalm 50:1, 2 (p. 254)

- 1 Die grote God, die HERE spreek! / Hy roep, Hy daag die aard', van waar die son in goudglans uit kom breek / tot waar hy sterwend neer sal vaar. Uit Sion, sonder voorbeeld skoon, / spreid God sy ligglans ver ten toon.
- 2 God kan nie swyg. Hy kom, Hy kom / met vuur wat voor Hom heen verteer! Geweldig storm dit rondom Hom: / Aartsregter daal op aarde neer en roep die aarde en hemel aan / om, as Hy straf, Hom by te staan.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 96:1, 2 (p. 480)

- 1 Sing vir die HEER 'n nuwe lied! / Die aard' se verste perke/ moet jubel oor sy werke, en Hom die lof en hulde bied; / moet uitroep en verwag / sy heil van dag tot dag.
- 2 Verkondig nou sy roem en eer / by al die nasies, onder / die volke: sterkte en wonder; want groot, lofwaardig is die HEER. / Vreeslik in heerskappy / bo al die gode is Hy.

Gebed

Psalm 19:1, 2 (p. 82)

- 1 Die hoë hemelrond / vertel met blye mond / Gods heerlikheid en eer, en, wonderbaar deurglans, / vermeld die wye trans / die werke van die HEER. Die dag roep orals luid / en duisendstemmig uit / dié loffelike sprake; die nag se stille stap / meld kundes en wetenskap / deur al sy donker wake.
- 2 Hoe goddelik en skoon / en wonderbaar die toon / wat deur die skepping gaan! Geen volk so onbegaaf, / geen oor so onbeskaaf, / wat nie dié taal verstaan. Die prag van hemel en aarde / wat deur die wydtes skyn, / spreek daar so luid en kragtig dat nêrens hart of oor / dié skeppingstaal nie hoor – / tot roem van God almagtig.

Skriflesing: Psalm 19; Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 2

Kernvers: Psalm 19:1, 15

Die hemele vertel die eer van God, en die uitpansel verkondig die werk van sy hande.

Laat die woorde van my mond en die oordenkinge van my hart welbehaaglik wees voor u aangesig, o HERE, my rots en my verlosser!

(Psalm 19:1, 15 AFR 1953)

Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel 2

Die middele waardeur ons God ken

Ons ken Hom deur twee middele:

*Ten eerste deur middel van die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld. Dit is immers voor ons oë soos 'n mooi boek waarin alle skepsels, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God, **naamlik sy ewige krag en goddelikheid**, duidelik laat sien, soos die apostel Paulus sê (Rom 1:20). Al die dinge is genoegsaam om die mense te oortuig en hulle alle verontskuldiging te ontnem.*

Ten tweede maak Hy Hom deur sy heilige en Goddelike Woord nog duideliker en meer volkome aan ons bekend, en wel so veel as wat vir ons in hierdie lewe nodig is tot sy eer en tot die saligheid van hulle wat aan Hom behoort.

Ps. 19:2; Ef 4:6; 1 Tim 2:5; Deut 6:4; Mal 2:10; 1 Kor 8:4, 6; 1 Kor 12; 1 Kor 1

Tema: God se openbaring in die skepping en ons reaksie daarop

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, wanneer 'n man met 'n vrou wil trou, vat hy nie sommer die eerste vrou wat hy teëkom en trou met haar nie. Geen vrou sal ook daarvan hou dat enige man haar sommer net vat om sy vrou te wees nie. Daar verloop 'n hele proses in die verhouding tussen 'n man en 'n vrou voordat hulle by dié punt uitkom en trou aan mekaar beloof. En die kern van hierdie proses in hulle verhouding is om mekaar te leer ken.

'n Man trou nie met 'n vrou net omdat sy 'n vrou is nie. Hy trou ook nie met haar omdat ander mense vir hom vertel hoe 'n oulike vrou sy is nie. Hy gaan ook nie 'n boek lees oor haar nie. En hier kan jy ook maar *Facebook* insluit. Daar is te veel mense wat al ontnugter is omdat hulle geglo het wat op *Facebook* geskryf is. Nee, voordat 'n man so 'n gewigtige besluit neem om met 'n vrou te trou, gaan hy haar eers persoonlik leer ken. Hy gaan met haar gesels. Dit is immers net deur hierdie persoonlike kontak tussen 'n man en 'n vrou wat hulle uiteindelik tot die besluit kan kom om met mekaar te trou.

Wanneer dit by kennis oor God kom, is daar vandag baie stemme wat opgaan en wil vertel hoe die Here is. Mense wat wil staatmaak op al hierdie praatjies oor wie God is, sal baie gou verward wees. Die een klomp mense beskryf God as wreed omdat hulle die oorloë waartoe die Here sy volk in die Ou Testament opgeroep het buite konteks wil lees. Net so haal hulle Christus se wrede dood aan die kruis buite konteks uit en wil daarmee beweer dat God wreed is. 'n Ander klomp stry weer met mekaar of God hoegenaamd bestaan. Hulle is van oordeel dat alles van die begin van die skepping af nog net aangaan en die beloftes dat Christus gaan terugkom na die wêreld toe gebeur dan nie. Nog 'n ander klomp mense beskryf God asof Hy 'n sagmoedige oupatjie is wat nooit raas nie, want Hy is dan die God van liefde. Al hierdie verskillende praatjies oor die Here het ook tot gevolg dat die een klomp mense sê: Jy moet so lewe. Die ander klomp sê weer: Nee, jy moet so lewe. En die klomp wat so verward geraak het dat hulle nie kan begryp dat God werklik bestaan nie, sal vir jou sê: Ag man, daar is nie net een manier om te lewe nie. Elke mens moet maar vir homself uitwerk wat vir hom die beste is.

Die Here wil die mens bewaar van al hierdie spekulasies oor Hom en oor hoe hulle behoort te lewe. En die beste manier waarmee alle spekulasies uit die weg geruim word – en die Here weet hierdie manier werk die beste – is om te kommunikeer. Die Here maak Homself aan mense bekend. En nou is ons bevoorreg om die Here op twee maniere te leer ken. Ons bely so van hierdie twee maniere:

Ons ken Hom deur twee middele:

Ten eerste deur middel van die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld, en

Ten tweede maak Hy Hom deur sy heilige en Goddelike Woord nog duideliker en meer volkome aan ons bekend. (NGB, Artikel 2)

Net soos wat 'n man en 'n vrou mekaar eers net raaksien en iets opmerk wat hulle na mekaar toe aantrek om mekaar beter te leer ken, doen die Here met die mens. Hy laat die

mens Hom in sy werke raaksien. En vir die mense wat Hy wil hê dat hulle Hom nog beter leer ken, lei die Heilige Gees hulle na die Woord van die Here om sy stem te hoor sodat hulle kan weet wie die Here is en hoe Hy wil hê dat hulle moet lewe. En dit is presies wat die Heilige Gees ook vanaand in hierdie psalm aan ons openbaar. Aangesien die openbaring in hierdie psalm so omvattend is, staan ons vanaand stil net by die eerste deel van die psalm en by die eerste middel waardeur ons God leer ken.

Broers, susters en kinders, **Die hemele vertel die eer van God, en die uitpansel verkondig die werk van sy hande** (Psalm 19:2 AFR53). Op die eerste bladsye van die Bybel leer ons God ken as die Skepper – die God wat aan die werk is en wat Hy skep is volmaak goed. Die hele uitpansel verkondig dat hulle die resultate is van sy handewerk. Daar is niks en niemand in die skepping wat so 'n grootsheid tot stand kon bring nie. Nog minder is die uitpansel die resultate van evolusie.

Ons weet dat die skepping nie meer so goed is as wat God dit geskep het nie. Daar het nou al duisende jare verloop waarin verval in die skepping toegeneem het. En hierdie verval is die gevolg van die verganklikheid waaraan God die skepping onderwerp het omdat die kroon van God se skepping – die mens – in opstand teen God gekom het. Maar ondanks die verval en agteruitgang in die skepping kan ons God nog steeds leer ken uit sy skepping, onderhouding en regering van die wêreld.

Die Heilige Gees laat ons deur Dawid raaksien dat daar oorfloedige bewyse van die eer van God in die skepping is. Die woord wat ons vertaal met *eer* kom van 'n woord wat onder andere beteken *gewichtig* of *swaar*, en ook *waardig*. **Die hemele vertel die eer van God** (Psalm 19:2 AFR 1953). Bedags is dit die son wat die verblindende waardigheid van God verkondig. Snags is dit die miljoene sterre wat vir ons wys hoe waardig ons God is. En hierdie ligte wat deur ons bestudeer kan word, maar waarby ons nie kan uitkom nie, het ontstaan net omdat God gesê het dat hulle daar moet wees. Toe die woorde uit God se mond uitgegaan het, was die son en die sterre oombliklik daar.

Indien daar mense is wat nie hierdie bewyse van God se eer raaksien nie, is dit nie omdat die bewyse te min is. Inteendeel, **hulle meetsnoere gaan uit oor die hele aarde, en hulle woorde tot by die einde van die wêreld** (Psalm 19:5 AFR 1953). Daar is tog nie 'n plek op die aarde waar die son se strale nie kom nie. En nog minder is daar 'n plek op die aarde waar die sterre nie aan die naghemel gesien kan word nie. Die bewyse van dat daar 'n God is met wie mense rekening moet hou, omdat Hy waardig is, is dus oorfloedig.

Die rede hoekom mense nie ag slaan op hierdie bewyse nie, is nie omdat hulle verstandelik dom is nie, maar omdat hulle in hulle morele waardes verward geraak het. Paulus vertel van hierdie verwarring by die mense:

Van die skepping van die wêreld af kan 'n mens uit die werke van God duidelik aflei dat sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is, hoewel dit dinge is wat 'n mens nie met die oog kan sien nie. Vir hierdie mense is daar dus geen verontskuldiging nie, omdat, al weet hulle van God, hulle Hom nie as God eer en dank nie. Met hulle redenasies bereik hulle niks nie, en deur hulle gebrek aan insig bly hulle in die duister. Hulle gee voor dat hulle verstandig is, maar hulle is dwaas. In die plek van die heerlijkheid van die onverganklike God stel hulle beelde wat lyk soos 'n verganklike mens of soos voëls of diere of slange. (Romeine 1:20-23 AFR83)

Die bewyse dat God bestaan en dat Hy groot en waardig is om aanbid te word, was nog altyd daar. Maar weens hulle ongeregtheid onderdruk mense die waarheid en wil hulle God nie eer nie.

Die Heilige Gees wys ook daarop dat 'n mens nie groot geleerdheid nodig het om hierdie bewyse van God se eer te verstaan nie. Jy hoef nie eers te kan lees om hierdie bewyse te begryp nie, want **daar is geen woord nie – onhoorbaar is hulle stem** (Psalm 19:4 AFR53).

Wanneer 'n mens jou egter gesteur het aan al die baie verklarings wat mense gee oor die ontstaan van alles in die skepping, dan gaan jy verhinder word om die bewyse van God se eer te sien of te hoor. Wanneer jy op jou eie oordeelsvermoë begin staatmaak, gaan die teorieë van mense wat die evolusieleer glo vir jou logies klink en die gevolg is dat jy die skepping van God losmaak asof die skepping sommer van self voortgaan. Dan gaan dit vir jou bitter moeilik word om in te sien en te hoor dat die God wat Homself in die skepping aan ons bekend maak en die God wat Homself in die Skrif aan ons bekend maak, een en dieselfde God is.

Met hulle menslike redenasies gee hierdie mense voor dat hulle verskriklik slim is, maar inderwaarheid is hulle dwaas. Hulle is eenvoudig dom. 'n Mens kan maar net na die ingewikkelde samewerking van alles in die skepping kyk of na die ingewikkelde samewerking wat daar in 'n mens se eie liggaam is, dan sal jy moet erken dat daar 'n Skepper van al hierdie dinge moet wees. Iemand wat volmaak wys en goed en regverdig is. En ons noem Hom God.

Geliefdes, in Artikel 1 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis bely ons hoe hierdie God van ons is. Ons het nie nodig om weer by elkeen van daardie eienskappe stil te staan nie. Die skepping weergalm van hierdie eienskappe van God. Kom ons kyk maar net na 'n handvol daarvan.

God is oneindig in sy krag. Paulus sê sy krag is ewigdurend. Gaan kyk maar net weer 'n slag na die sterreheem. Ons staan oorweldig oor die oneindige grootheid van die heelal. Deur die kennis wat sterrekundiges al onder die regerende hand van God bymekaar kon maak, kom ons agter hoe oneindig groot die skepping van die Here werklik is. Elke planeet en ster en sonnestelsel wat gesien kan word – en daar is seker nog baie wat nog nie gesien kan word nie – dit alles is deur ons God in aansyn geroep. As dit is hoe groot die heelal is, hoe oneindig groot moet ons God dan nie wees nie!

God is ewig betroubaar en goed. Niemand van ons wonder of twyfel of die son môre sal opkom nie. Dit is vir ons vanselfsprekend dat die son môre in die ooste sal opkom en môreaand in die weste sal ondergaan. So vanselfsprekend as wat dit vir ons is, net so kan ons daarop reken dat God altyd betroubaar en goed sal wees. Hy sal nooit verander nie.

God is vir ewig almagtig. Sy almagtige krag is nie iets wat net nou en dan daar is nie. Die son straal konstante energie na die aarde toe uit sodat alles wat op hierdie aarde lewe, kan lewe. As daar meer energie uitstraal van die son af, sal die poolstreke se ys smelt. As die son minder energie uitstraal, sal die hele aarde 'n ystydperk binnegaan. Hierdie konstante energie van die son verkondig dat God konstant almagtig is. Ons kan op Hom vertrou, want niks is ooit vir Hom onmoontlik nie.

God is alomteenwoordig. Die son se strale gaan oor die ganze aarde. Niks kan aan die lig van die son ontkom nie. Niks en niemand kan ooit aan die teenwoordigheid van God ontkom nie. Hy is oral teenwoordig. En saam met sy alomteenwoordigheid, skryf Dawid in 'n ander psalm (Psalm 139), is God ook alwetend. God weet van alles, selfs van ons gedagtes nog voordat dit woorde of dade geword het.

Broers, susters en kinders, by die gelowiges wek hierdie openbaring van God in sy skepping enersyds ontsag en nederigheid. As die skepping so groot is – en ons mense is maar spikkeltjies in die skepping – kan ons maar net in aanbidding voor die groot Skepper neerbuig. Ons is nie naastenby soos God nie. Ons kan skaars ons eie lewens behoorlik regeer, wat nog te sê die heelal. Ons kan nie eers een uur aan ons lewens toevoeg nie, wat nog te sê iets skep deur maar net te praat.

Andersyds skenk hierdie openbaring van God in sy skepping aan ons troos en sekerheid. Wat ons vandag sien, is nie maar net die verloop van sogenaamde toevallighede oor 'n tydperk van duisende jare nie. Hierdie hele skepping is die resultaat van ons goeie God se handewerk. En niks in hierdie skepping gebeur sommer per ongeluk nie. Alles wat gebeur, is die ontplooiing van God se fyn uitgewerkte raadsplan.

Mense sal nou sekerlik kan vra: Wat is hierdie fyn uitgewerkte raadsplan van God? Waarheen is die skepping op pad? Die sogenaamde slim mense wat die skepping en hulleself dus ook van God, die Skepper, losgemaak het, gee twee antwoorde. Uit die een antwoord klink dit asof alles op die aarde en in die ganze skepping maar net sal aanhou en aanhou. En volgens hulle geloof in evolusie sal die sterkste oorwin en voortleef. Maar in hierdie antwoord klink daar ook 'n tweede antwoord op. Die swakste van die skepsels wat dan hier sterf, gaan dood en dan is dit klaar. En hierdie *dood en dan is dit klaar* geld vir hulle ook vir die mens. Wat 'n troostelose toekoms is dit nie?

Geliefdes, ons kan maar hierdie troostelose antwoorde aanhoor, maar ons hoef ons nie deur sulke antwoorde van die spoor te laat bring nie. Wanneer die Heilige Gees vir ons op die eerste bladsye van die Bybel neerskryf dat God die hemel en die aarde geskep het, sê Hy keer op keer dat God tevrede was met wat Hy geskep het. God het gesien dat dit goed was. En as God sy mense geskep het, man en vrou, en Hy kyk weer na alles wat Hy gemaak het, het Hy gesien dit was baie goed. Die ganze skepping was volmaak. In die ingewikkelde werking binne-in die skepping was daar volmaakte harmonie. En tussen God en sy skepping en tussen God en die kroon van sy skepping – die mense – was daar volmaakte harmonie. Alles was presies soos wat God dit wou gehad het.

Maar sonder dat enige van die skepsels op die aarde daarvan geweet het, het daar 'n onvolmaaktheid in die engelwêreld gekom. Satan en 'n horde engele het hulle teen God verset. Daarom het God aan sy volmaakte mens die opdrag gegee om die tuin van Eden te bewerk en te bewaak.

En nou ken ons die droewige verhaal verder. Die slinkse Satan het dit reggekry om die volmaakte mens se volmaakte vrou oor te haal om die gebod van die Here te oortree. Weens hierdie opstand van die mense het daar 'n breuk gekom tussen hulle en God en het die dood sy houvas in hierdie goeie skepping van God 'n vastrapplek gekry. Weens die sonde van die mens het die skepping begin ly. Die dood het in die hele skepping ingedring en nou kreun die hele skepping in die pyne van verwagting, en die sugte van die skepping weerklink. Maar dit is nie wat ons goeie God wil hê nie. Hy wil nie 'n verskeurde skepping hê nie.

Wanneer God sy fyn uitgewerkte raadsplan laat uitloop op die koms en werk van sy Seun in hierdie wêreld, betrek Hy weer die skepping om sy heerlijkheid te verkondig. Uitbundig skitter die ster wat die geboorte van Jesus Christus in Betlehem aankondig. Die ster skitter so uitbundig dat mense uit die Ooste daardeur opgewek word om ook hulde te bring aan die Koning wat gebore is.

Jesus het in sy onderrig wat Hy gegee het uit die natuur talle voorbeelde aangehaal om die grootsheid van sy Vader se koninkryk te verkondig. Wanneer Jesus dan die skuld van die eerste mens af tot by die laaste mens op aarde op Hom neem en deur sy Vader daarvoor veroordeel word, is die stem van die skepping nie stil nie. Toe Christus die straf gedra het vir mense se sondes, vir jou en my sondes, het die skepping die regverdigde oordeel van God oor die sonde verkondig. Vir drie uur lank het die skepping in rou gegaan. Dit het pikdonker geword. En nadat Christus uitgeroep het dat Hy die straf op die sonde volledig klaar gedra het en gesterf het, het die skepping 'n harde sug in die pyn van verwagting gegee. **Die aarde het geskud, en die rotse het uitmekaar gebars** (Matteus 27:51 AFR83). Daar is opgewondenheid en afgagting in die skepping dat God bekend sal maak wie sy kinders is.

Uiteindelik sal die skepping buig wanneer die Koning van die konings weer sy opwagting op die aarde maak. Die son sal verduister en die maan sal nie skyn nie, want die heerlijkheid van Christus sal so helder wees dat die son se lig niks meer as 'n dowwe kerslig daarteenoor sal lyk nie. Die sterre sal uit die ruimte val uit eerbied vir die Koning wat die reg van God vir eens en vir altyd in die ganse skepping sal vestig.

Op hierdie luide verkondiging van God se eer vanuit die skepping, kan ons maar net Dawid se gebed op ons lippe neem en vra: **Laat die woorde van my mond en die oordenking van my hart welbehaaglik wees voor u aangesig, o Here, my rots en my verlosser!** (Psalm 19:15 AFR 1953)

Amen!

Slotgebed

Psalm 19:7 (p. 84)

7 Bewaar my vir die kwaad / dat ek met trotse daad / u heil'ge wil weerstreef;
laat nie die sonde my / oorheers, dan sal ek vry / van groot oortreding leef.
Laat tog my tong en mond, / my hart se diepste grond, / o HEER, op wie 'k vertrou het,
U welbehaaglik wees / wat in my hart kan lees – / my Rots, op wie 'k gebou het.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
22 Julie 2012